# Skaak

By HTS John Vorster is skaak een van die sportsoorte waarin ons leerders uitstekend presteer.



Meneer Hein Malan
Skaakorganiseerder

Skaakoefeninge vind elke Dinsdag en Donderdag om 14:30 – 16:30 plaas. ‘n Professionele afrigter is in beheer van die oefeninge, wat inderdaad ‘n wonderlike geleentheid vir al ons spelers is.

Ons skaakafrigter is Mnr. Anton Goosen, wat Suid-Afrika tans in die Internasionale FIDE Wereldkampioenskappe, wat in Albanië plaasvind, verteenwoordig.

HTS John Vorster het onlangs die voorreg gehad om vanaf 21 – 22 Maart 2026, die Tshwane Lebowski Ope Skaak Kampioenskappe tuis te kon aanbied. Ons het ook in 2025 aan die Gauteng Kampioenskappe deelgeneem en het ‘n agtste plek uit ongeveer 300 skole, behaal.
HTS John Vorster het ook op 10 April 2026 - met uitstekende uitslae - in die Gauteng Provinsiale Streekskompetisie gekompeteer.

Ons skaakspan reik konstant na nuwe hoogtes en ons streef daarna om aan te hou om uitstekend te presteer teen topskole soos St Alban’s College, Hoërskool Waterkloof, Prestige College en Pretoria Boys’ High School.

